

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 34 bladsye wat die rubriek insluit.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte	4
OF			
2. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	5
OF			
3. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte	8
OF			
4. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	10
OF			
5. <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte	12
OF			
6. <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	14

OF**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

7. <i>Poppie, die drama</i>	Opstelvraag	35 punte	17
OF			
8. <i>Poppie, die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	18
OF			
9. <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte	21
OF			
10. <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	22

OF**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

11. <i>Baby</i>	Opstelvraag	35 punte	25
OF			
12. <i>Die pakkie</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	26

OF**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

13. <i>Kabouterliefde</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	29
OF			
14. <i>Woorde</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	30
OF			
15. <i>Thumela</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	31
OF			
16. <i>Kontak</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	32

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek. Die eerste twee AFDELINGS word nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor **dieselfde genre** beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die laaste (twee) gedig(te).
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepeenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself gepeenaliseer het.
- As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
- By die nasien van die opstel word die punte soos volg aangedui:
K: I: punt
K: T+S: punt
Totaal: 35
- Halwe punte word as heel punte oorgedra na die voorblad. Indien die kandidaat volpunte vir gedigte kry, word punte oorgedra as 18 en 17 om 35 (totaal) te kry. Indien 'n kandidaat byvoorbeeld 6½ en 7½ kry, word punte oorgedra as 7 en 8.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR vereis, word JA/NEE nie aanvaar nie. Nasien van WAAR/ONWAAR:
 - WAAR/ONWAAR is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK ✓
 - WAAR/ONWAAR is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
 - WAAR/ONWAAR is VERKEERD = x, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is = x
 - WAAR/ONWAAR is KORREK, maar motivering ontbreek = x
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL DRIE die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Joram as houtkapper

- *Joram was 'n tipiese houtkapper.*
- Houtkappers was eenvoudige Bosmense.
- Joram was ongeletterd/ongeskoold.
- Joram het baie hard gewerk.
- Joram se kennis van die Bos was baie goed, byvoorbeeld waar om 'n boom te laat val.
- Joram het sy kinders goed opgelei om houtkappers te wees.
- Joram was nie bekommerd oor Harison se waarskuwing dat hulle die Bos moes bewaar nie.

Joram is uitgebuit

- Joram kon sy hout net aan MacDonald verkoop, want hy was in die skuld by MacDonald.
- Joram is deur MacDonald met “good-fors” in plaas van geld betaal.
- Joram kon nie Engels praat/lees nie; dus kon MacDonald hom uitgebuit.
- Joram moes MacDonald voor sy kinders smee vir benodigdhede soos suiker en koffie.

Joram as Saul se vader

Joram as leermeester

- Joram was 'n onverbiddelike mens.
- As vader het Joram sy kennis oor die verskillende bome, struik, voëls en diere van die Bos aan Saul oorgedra.
- Joram het Saul alles oor die Bos geleer.
- Joram het Saul geleer van die bygelowe van die Bos, byvoorbeeld om nooit die woord “olifant” te gebruik nie.
- Joram het vir Saul geleer dat die bloubokkie se gal in sy kop sit.
- Joram het Saul geleer hoe om homself te beskerm as hy 'n olifant sien.
- Toe Saul veertien jaar oud geword het, het Joram Saul saam Bos toe geneem as houtkapper in sy span.
- Hy het Saul geleer om waenhout uit te sleep.

Die konflik tussen Joram en Saul

- Joram het Saul verplig om die kalanders te kap, al wou Saul dit nie doen nie.
- Joram het Saul gevra om sy span te verlaat omdat hulle oor baie dinge nie saamgestem het nie.
- Joram het geglo dat Saul hulle verraa het deur die owerhede te vertel dat hulle olifante geskiet het.
- Die verhouding tussen hulle het verder versleg na Arend se dood.
- Joram het gevoel Arend se dood was Saul se skuld.
- Joram as pa kon nooit Saul se sienings oor verskillende dinge, soos bv. die Bos, olifante, goud delf verstaan nie.
- Joram het smoorkwaad geword toe Saul hom probeer oorreed het om goud te delf in plaas van hout te kap.
- Joram was bang hy sou sy houtkaplisensie verloor as die owerhede uitgevind het dat Saul goud gedelf het.
- Om hierdie rede wou Joram hê Saul moes ontken dat hy sy seun was.
- Joram en Saul het nooit die kans gekry om te versoen nie.

Joram se omgee vir Saul

- Joram het Maska gestuur om te sien hoe dit met Saul gegaan het toe Saul goud gedelf het.

Die ironie van Joram se dood

- Terwyl Joram 'n boom gekap het, het dit op Joram geval.
- Sy dood was ironies. Joram het altyd baie goed geweet in watter rigting 'n boom sou val, maar hy was die laaste keer verkeerd.
- Die werk wat Joram gedoen het om 'n bestaan te maak, het hom uiteindelik doodgemaak.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

- 2.1 Jozef/Saul se broer/Sy eie broer. (1)
- 2.2
- Saul was van kleinsaf nuuskierig.
 - Saul het altyd dinge bevraagteken.
(Enige EEN) (1)
- 2.3
- 2.3.1 Die gal was nie in die bloubokkie se kop nie. (1)
- 2.3.2
- Die Bommense het vir hom gejok.
 - Die Bommense het die leuen geglo.
 - Die Bommense het nie die moeite gedoen om die waarheid uit te vind nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.4 Jozef het gesê dat die gal (wel) in die bloubokkie se kop was. (1)

- 2.5
- Jozef het beseft dat hy verkeerd was.
 - Jozef het beseft dat hy nie die moed gehad het om die bloubok se kop oop te kap nie/om uit te vind of die Bospense die waarheid gepraat het nie.
 - Jozef het beseft dat hy Saul gehaat het (omdat Saul die moed gehad het om die bloubok se kop oop te kap).
- (Enige TWEE) (2)
- 2.6
- 2.6.1
- 'n Olifant het sy seun doodgetrap.
 - Jozef se seun is oorlede nadat 'n olifant hom doodgetrap het.
- (Enige EEN) (1)
- 2.6.2
- Daar was vyandigheid tussen hulle.
 - Hulle was vervreemd van mekaar.
- (Enige EEN) (1)
- 2.7
- Saul wou nie Oupoot op 'n vernederende manier laat sterf het nie.
 - Saul het geweet Freek sou Oupoot vir sy tande skiet.
 - Saul wou Oupoot teen Freek se wreedheid beskerm.
- (3)
- 2.8
- 2.8.1 E Jozef (1)
- 2.8.2 A Maskas (1)
- 2.8.3 C MacDonald (1)
- 2.8.4 D Stopforth (1)
- 2.9
- 2.9.1 houtkapper (1)
- 2.9.2 riem (1)
- 2.9.3 os (1)
- 2.9.4 krag (1)
- 2.10
- Sodat Joram nie vir Saul sou slaan nie.
 - Sodat Saul en sy pa sou ophou baklei het.
- (Enige EEN) (1)
- 2.11
- Saul het gevoel die boom lewe.
 - Saul het gedink die boom kon voel.
 - Vir Saul was die kalender die koning van die Bos.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.12
- 2.12.1 Waar. (1)
- 2.12.2
- Die Bospense het gedink dit was Saul wat vir die goewerment gesê het dat hulle olifante (vir ivoor) geskiet het.
 - (Die Bospense het Saul as verraaiers beskou) omdat hy buite die Bos gaan werk het/ sy rug op die Bospense se leefstyl gedraai het.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 2.13
- Saul het hard vir die geld gewerk.
 - Daar was nooit 'n ooreenkoms dat Saul sy pa se skuld sou afwerk nie.
 - Saul het nie meer in sy pa se span gekap nie.
 - Saul het nie daardie skuld gemaak nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.14 (Ons kan aflei) dat Jozef vyandig/kwaad/aggressief/onvriendelik/onbeskof/aanvallend teenoor Saul was. (1)
- 2.15 Ja.
- Saul het dit gedoen, want hy was bekommerd oor die kinders se toekoms.
 - Hulle was broers; daarom het hy die reg gehad.
- OF
- Nee.
- Dit was nie Saul se saak nie.
 - Saul moes nie in sy broer se lewe ingemeng het nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.16
- D
 - D wou nie meer Jozef-hulle se hout koop nie.
 - wou nie meer Jozef-hulle se hout koop nie.
- (Enige EEN) (1)
- 2.17
- A
 - A houtkappers bly.
 - houtkappers bly.
- (Enige EEN) (1)
- 2.18 2.18.1 Onwaar. (1)
- 2.18.2 Dit het begin die dag toe Saul die bloubokkie se kop oopgekap het. (1)
- 2.19
- Hy kon maklik vergewe.
 - Hy het vir sy gesin omgegee.
 - Hy was nie hoogmoedig/trots nie.
 - Hy wou in vrede met Jozef leef.
- (Enige EEN) (1)
- 2.20 2.20.1
- Saul het aangebied om Jozef se hout te koop.
 - Saul het aangebied om Jozef met geld vir sy hout te betaal.
 - Saul het aangebied om die beste prys vir Jozef se hout te betaal.
- (Enige EEN) (1)
- 2.20.2 Saul sou Izak oplei om meubels te maak. (1)
- 2.21
- Van die begin af het Saul vir die behoud van die Bos baklei.
 - Saul het aan die einde van die verhaal teruggegaan Bos toe om 'n stem namens Oupoot en die Bos te wees.
 - Al Saul se keuses het om die bewaring van die Bos gedraai.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

VRAAG 3: OPSTELVRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver*****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL DRIE die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Margot se aankoms by die berghuis***Margot se aankoms*

- Met Margot se aankoms het dit gereën.
- Hanna het gespot deur te sê dat die koningin saam met die reën aangekom het of miskien het die reën saam met die koningin gekom.
- Margot het 'n wit Golf gehuur om by die berghuis uit te kom.
- Almal het by die venster gestaan en kyk hoe sy aangekom het.
- Amos het uitgehardloop en by haar in die motor geklim.
- Margot het nie dadelik uitgeklim nie as gevolg van die reën.
- Haar besluit om nie dadelik uit te klim nie, het 'n spottery veroorsaak.
- Die gesin het gesien hoe 'n skraal figuur uit die motor geklim het met 'n swart kledingstuk wat soos 'n balaklava gelyk het oor haar kop.
- Margot het 'n kort jassie oor 'n stywe swart langbroek gedra.

Margot het die huis binnegekom

- Toe sy onderdak was, het sy haar vingers deur haar vlasblonde hare gestoot om die reën uit te kry.
- Soos 'n ware aktrise het sy vir almal geglimlag.
- Die gesin het 'n glimlaggende vrou gesien.
- Margot het elkeen op die wang gesoen.
- Margot het elkeen gekomplimenteer.

Margot as kuiergas*Die rede vir Margot se kuier*

- Margot was in Suid-Afrika om in 'n TV-reeks te speel. Sy het 'n paar dae gehad om haar seuns te sien.
- Margot het Beyers gebel en hy kon nie anders as om haar na die berghuis te nooi nie.

Margot se optrede

- Margot het met geen huistake gehelp nie.
- Margot het eerder rondgesit en vir die kinders haar ongelooflike stories van Amerika en die bekende filmsterre vertel.
- Margot het deelgeneem aan Hanna se verjaarsdag.
- Margot het selfs vir haar 'n grys oortrektrui as geskenk gegee.
- Margot het ook besluit om Hanna mooi te laat lyk op haar verjaarsdag.
- Margot wou in haar kleurvolle lemmetjiegroen Lycra sportpak gaan draf al het dit gereën.

- Margot het die kinders by haar aërobiese oefeninge betrek omdat sy nie kon gaan draf nie.
- Margot was baie ontsteld omdat die riviere vol was/sy nie betyds in die Johannesburg kon wees vir haar oudisie nie.
- Margot het saam met die gesin konsert gehou.
- Margot het later haar Tarot-kaarte gaan uithaal en die kinders vermaak.
- Margot het kalm gebly en beheer geneem met die baba se geboorte.
- Margot was baie bly toe Sharon se pa-hulle met die helikopter opgedaag het en sy betyds kon wees vir haar rol in die TV-reeks.

Margot was vol fiemies

- Margot was glad nie beïndruk toe sy gehoor het dat daar nie elektrisiteit was nie.
- Margot het ook nie gedink dit was wonderlik toe sy na die lekkende dak gekyk het nie.
- Margot wou nie koffie of tee drink nie en het vir Mana gesê dat sy net bottelwater drink.
- Margot het warm kookwater met 'n stukkie suurlemoen gevra om te drink.
- Met Hanna se verjaarsdagete het Margot net die groenslaai, kaas en beskuitjies geëet en 'n paar slukkies wyn gedrink.
- Margot het byna niks geëet wat die gesin geëet het nie/het gesê dat sy net 'n handvol vitamienpille vir ontbyt eet.

Margot se waardevolle bydrae aan die einde van die verhaal

Die geboorte van die baba

- Die oomblik toe Mana se kraampyne begin het, het Margot haar gekalmeer.
- Margot het onmiddellik aangebied om Mana te help.
- Margot het selfs haar naels kort geknip.
- Margot het almal gerusgestel met die gedagte dat sy vroeër (vier jaar lank) 'n verpleegster was.
- Margot het vir Mana gesê dat sy al baie babas gevang het.
- Margot het Mana dadelik in die kamer gaan gemaklik maak.
- Margot het Mana voortdurend getroos, gehelp en bemoedig.
- Margot het besluit dat Hanna en Sharon haar helpers sou wees tydens die geboorte.
- Margot het beveel dat hulle potte water op die stoof moes gaan sit, Beyers moes 'n waslap bring en Gavin twee gaslampe en Yann moes rustige musiek speel.
- Die hele gesin was bly dat Margot daar was.
- Die gesin het gewonder wat hulle sonder haar sou doen.
- Almal het haar vertrou toe sy gesê het dat alles reg sou wees.
- Margot was die heldin in dié situasie – sy het alles net reg gedoen.
- Mana het vir Margot gesê dat sy die geboorte nooit sonder haar sou kon doen nie.

Margot se vertrek

- Met Margot se vertrek het sy elkeen 'n soen gegee en weer iets moois vir elkeen gesê.
- Margot het met 'n laaste koninklike wuif in die helikopter geklim.
- Almal was dit eens dat hulle Margot met haar drama sou mis.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

- 4.1
- Beyers
 - Haar stiefpa
- (Enige EEN) (1)
- 4.2
- 4.2.1 Waar. (1)
- 4.2.2
- Beyers het vir haar 'n bundel sonnette vir haar verjaarsdag gekoop.
 - Haar ma het elke jaar vir haar 'n boek gekoop.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.3
- Hanna het 'n negatiewe houding (oor die plek) gehad.
 - Hanna was “bitter” omdat sy daar saam met haar gesin vasgekeer was.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.4
- D
 - D nie te sleg nie, as gevolg van die natuurskoon.
 - nie te sleg nie, as gevolg van die natuurskoon.
- (Enige EEN) (1)
- 4.5
- Die res van die huis was ook baie eenvoudig.
 - Daar was niks luuks in daardie vakansiehuis nie.
- (Enige EEN) (1)
- 4.6 Alhoewel Hanna gedink het dat daar niks in die kamer was wat haar geïnspireer het nie, ✓ het sy juis 'n gedig oor die “niks” geskryf. ✓ (2)
- 4.7
- Die kamer het haar vasgevang laat voel.
 - Die kamer was klein.
 - Sy was beperk tot haar kamer (as sy alleen wou wees).
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.8
- 4.8.1 voorkoms (1)
- 4.8.2 verbeelding (1)
- 4.8.3 werklikheid (1)
- 4.8.4 lewensverhaal (1)
- 4.9
- 4.9.1 D Gavin (1)
- 4.9.2 A Beyers (1)
- 4.9.3 E Mana (1)
- 4.9.4 B Yann (1)

- 4.10 4.10.1 Margot (1)
- 4.10.2
- Margot het niks met die huishoudelike take gehelp nie.
 - Hanna het gehoor hoe Beyers van Margot as die koningin gepraat het.
- (Enige EEN) (1)
- 4.11 4.11.1
- Hanna het nie perfekte tande gehad nie.
 - Hanna het 'n spleet tussen haar voortande gehad.
- (Enige EEN) (1)
- 4.11.2
- Hanna het geleer om haarself en haar gesin te aanvaar.
 - Hanna het nie meer vir Fabienne nodig gehad om te ontvlug nie.
 - Hanna het besef dat sy self 'n ("fabulous") Fabienne kon wees.
 - Hanna sou haar eie lewensverhaal skryf.
- (Enige EEN) (1)
- 4.12
- (Juffrou Liebenberg) het haar aangemoedig om haar wonderlike verbeelding te gebruik.
 - (Juffrou Liebenberg) het haar aangemoedig om te skryf.
 - (Juffrou Liebenberg) het gesien dat Hanna 'n skryftalent gehad het.
- (Enige EEN) (1)
- 4.13 4.13.1
- Mana het bont klere gedra (waarvan die kleure nie eens gepas het nie).
 - Mana het vreemde (lap)hoede/pers heksehoede gedra.
 - Mana het pienk pantoffels/skerppuntskoene gedra.
 - Mana is in 'n swart langbroekpak (wat Gavin vir haar ontwerp het) getroud.
 - Mana het groen skoene gedra wat nie by haar uitrusting gepas het nie.
- (Enige DRIE) (3)
- 4.13.2
- Gavin was 'n flambojante modeontwerper.
 - Gavin was homoseksueel.
 - Gavin het peroksiedhare gehad.
 - Gavin het soms grimering gedra.
 - Gavin het ingestem tot 'n gerieflikheidshuwelik met Mana.
- (Enige TWEE feite oor Gavin) (2)
- 4.14
- A
 - A as mens aanvaar het.
 - as mens aanvaar het.
- (Enige EEN) (1)
- 4.15 4.15.1 Onwaar. (1)

- 4.15.2
- Hanna het gewens Gavin wou wegbly soos die vorige 14 verjaarsdae.
 - Hanna het gevoel dat dit onnodig was vir Gavin om soveel moeite te doen.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.16 4.16.1
- Hanna het besef Gavin was nie so 'n slegte pa nie.
 - Hanna het Gavin bewonder vir die manier waarop hy Margot kon hanteer.
- (Enige EEN) (1)
- 4.16.2
- Hanna het besef dat Margot haar gemotiveer het om 'n storie te skryf.
 - Hanna het besef dat Margot haar verstaan het.
 - Hanna het besef watter waardevolle rol Margot tydens haar sussie se geboorte gespeel het.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.17 Gavin het die vermoë gehad om partytjie te kon hou.
(Of soortgelyk) (1)
- 4.18 Gavin
- Hy het haar anders na haarself laat kyk.
 - Hy het haar vertel dat hy haar die naam Fabienne by geboorte wou gee.
 - Sy was vir hom perfek/"beautiful"/die "perfect creature".
- EN
- Margot
Margot het vir haar gesê dat sy "Fabulous Fabienne" was. (2)

[35]**VRAAG 5: OPSTELVRAAG****MEEULANDERS – Esta Steyn****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL DRIE die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Elsabet se keuse om op Meeuland te gaan woon**

Waarom Elsabet en Jacob getrou het

- Elsabet het geweet Jacob was lief vir haar.
- Elsabet het met Jacob getrou om haar verlede op Meeuland te begrawe/nuut te gaan begin.
- Elsabet wou weggom van die praatjies oor haar en Fred se verhouding.

Elsabet se lewe op Meeuland

- Elsabet was nooit gelukkig op Meeuland nie.
- Elsabet het afgesluit van die lewe gevoel, na die land verlang en het vasgehoue gevoel tussen die stink voëls.
- Hierdie gevoel van Elsabet oor Meeuland het Jacob nie gedeel nie.
- Die eiland en die lewe op Meeuland het Elsabet geïrriteer.
- Janka se koms het Elsabet se gevoel oor Meeuland net vererger.
- Elsabet het nie kans gesien om haar kind op die eiland groot te maak nie.
- Elsabet het geweet sy was vasgevang, want Jacob sou nooit die eiland verlaat nie.
- Elsabet wou die laaste ruk voor die baba se geboorte in Salamanderbaai bly, want sy was bang en ongemaklik.
- Elsabet het op die eiland geboorte aan haar baba geskenk.
- Na die baba se geboorte kon Elsabet nie Janka en haar huilery hanteer nie; sy was moedeloos.
- Elsabet het Jacob verwytdat hy nie vir haar omgee het nie; anders sou hulle die eiland kon verlaat.

Fred en Jacob se rol in Elsabet se keuse om Meeuland te verlaat*Fred se rol in Elsabet se keuses*

- Toe Elsabet sonder haar kind, Janka, by Hansie-hulle in Salamanderbaai gaan kuier het, het sy Fred weer by die seiljagklub raakgeloop.
- Fred het Elsabet gevra om saam met hom te gaan seil.
- Elsabet het teenoor Fred erken dat die baba haar ingehok op die eiland laat voel het.
- Fred het gevra dat Elsabet hom weer by Keeromklip gaan ontmoet.
- Fred was bereid om Janka as sy kind te aanvaar as Elsabet Jacob sou verlaat.
- Fred het die gedagte by Elsabet laat ontstaan om Jacob te verlaat.
- Fred het erken dat hy vir Elsabet lief was.
- Hy het gesê dat hy haar in sy lewe wou hê.
- Toe Fred Bernard na die mosselvlote by Meeuland geneem het, het hy vir Elsabet gesê dat hy na haar verlang het.
- Fred het Elsabet oortuig om Jacob te los.
- Elsabet het besef dat sy nie langer sonder Fred wou lewe nie en het daarom besluit om Meeuland te verlaat.
- Fred het Elsabet op Meeuland gaan haal.

Jacob se rol in Elsabet se keuses

- Jacob kon nie verstaan waarom Elsabet ongelukkig op Meeuland was nie.
- Jacob kon nie verstaan dat sy liefde vir Elsabet nie vir haar genoeg was om gelukkig te wees nie.
- Jacob kon nie verstaan dat die baba haar ingehok laat voel het nie.
- Jacob het nie kontak met Elsabet gemaak toe sy op die land was nie.
- Jacob het nie regtig vir Elsabet gewys dat hy haar as vrou nodig gehad het nie.
- Jacob wou niks weet van Elsabet se plan om van Meeuland af weg te gaan nie.
- Elsabet het gevolglik die eiland skelm verlaat en slegs 'n briefie vir Jacob in die kamer gelos.
- Elsabet het ook besluit om vir Janka by Ryna agter te laat.

Elsabet se keuse om terug te gaan Meeuland toe

- Elsabet het uitgevind van Fred se ontrouheid.
- Elsabet het die eensaamheid van *Sheila Song Twee* se kajuit opgesoek.
- Schalk het haar daar verneder.
- Elsabet het te veel gedrink.
- Uit desperaatheid, het sy na Jacob geroep en het beseft dat hy die enigste man was wat haar waarlik liefgehad het.
- Elsabet het besluit om in die storm na Meeuland (Jacob) toe te seil.
- As gevolg van die storm het sy oorboord geval.
- Jacob het haar uit die water gehaal.
- Jannerik het gesê dat sy/Twilight huis toe gekom het.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**MEEULANDERS** – Esta Steyn

- 6.1
- C
 - C sou die eiland ook soos Jacob liefhê.
 - C sou die eiland ook soos Jacob liefhê.
- (Enige EEN) (1)
- 6.2 Pikkewyn (1)
- 6.3
- Janka het haar ma verloor.
 - Schalk het haar (juis) op Meeuland geskiet.
- (Enige EEN) (1)
- 6.4
- Janka was Fred en Kinnie se dogter.
 - Janka se biologiese ma, Kinnie, is dood met haar geboorte.
 - Jacob en Elsabet was nie haar biologiese ouers nie.
 - Jannerik was haar biologiese oupa.
 - Janka is omgeruil met Elsabet se doodgebore baba.
- (Enige DRIE feite) (3)
- 6.5
- 6.5.1
- Jou hartseer sal weer verbygaan.
 - Leef elke dag met dankbaarheid.
 - God bepaal jou lewe.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.5.2
- Elsabet was 'n depressiewe mens.
 - Elsabet het haarself altyd eerste gestel.
 - Elsabet se man en kind was nie vir haar prioriteite nie.
 - Elsabet het 'n drankprobleem gehad.
 - Elsabet was ontrou aan Jacob.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 6.6 Elsabet het dit as 'n tronk beskryf,✓maar Ryna het dit as God se plekkie beskryf.✓ (2)
- 6.7
- Janka sou by Jacob op Meeuland bly.
 - Janka sou ses dae elke maand by Elsabet gaan kuier.
 - Janka sou by Elsabet gaan bly wanneer sy begin skoolgaan.
- (Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 6.8 6.8.1 Onwaar. (1)
- 6.8.2
- Sy het aanhoudend gesê sy wou huis (Meeuland) toe gaan.
 - Bernard het haar gereeld geterroriseer (sodat sy bang geword het).
 - Elsabet en Fred se rusies het Janka ontstel.
- (Enige EEN) (1)
- 6.9
- Ryna kon haar hartseer oor haar eie kind (Ronnie) verwerk (deur Janka te versorg.)
- (Of soortgelyk) (1)
- 6.10 6.10.1
- Nadat Jacob met Janka wal toe is.
 - Nadat Jacob Janka gevat het om by Elsabet in Salamanderbaai te gaan kuier.
- (Enige EEN) (1)
- 6.10.2 Janka (1)
- 6.11 6.11.1
- Elsabet wou nie op Meeuland bly nie.
 - Jacob wou nie Meeuland verlaat nie.
 - Elsabet het om die verkeerde rede met Jacob getrou.
 - Elsabet was nooit lief vir Jacob nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.11.2
- Fred se eerste vrou, Sheila, se foto's en ornamente het orals in die huis gestaan/Elsabet kon nie haar eie stempel op die huis afdruk nie.
 - Bernard se uittartende houding het haar ongelukkig gemaak.
 - Elsabet het vermoed dat daar ander vrouens in Fred se lewe was.
 - Elsabet het uitgevind van Jackie en Fred se verhouding.
 - Hermanus het haar heelyd gekritiseer.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.12 6.12.1 gevlug (1)
- 6.12.2 vertrou (1)
- 6.12.3 verlaat (1)
- 6.12.4 verloor (1)

- 6.13 Die polisie het gedink:
 • Ryna het die storie opgemaak.
 • Ryna wou haar man beskerm.
 • daar was nie so 'n man nie.
 (Enige EEN) (1)
- 6.14 6.14.1 (Na) Windhoek (toe). (1)
- 6.14.2 Attie het op 'n boot gaan werk. (1)
- 6.14.3 • Attie het beseft dat hy nie Ryna se hart sou wen nie.
 • Attie het beseft dat Ryna en Jacob by mekaar behoort het.
 • Attie wou keer dat hy aanhoudend sou seerkry.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.15 • B
 • B beseft het dat sy Attie seergemaak het.
 • beseft het dat sy Attie seergemaak het.
 (Enige EEN) (1)
- 6.16 6.16.1 Schalk (1)
- 6.16.2 Die foto (van Schalk en Mona-Maria wat in haar buitekamer was). (1)
- 6.17 6.17.1 B Marietjie (1)
- 6.17.2 A Magdel (1)
- 6.17.3 D Jackie (1)
- 6.17.4 C Mona-Maria (1)
- 6.18 • Mense kon met die karakters identifiseer.
 • Die menslike intriges was geloofwaardig.
 • Mense kon simpatie met die karakters hê.
 • Mense kon sekere karakters bewonder.
 • Dit was 'n lewensgetroue/menslike uitbeelding/drama.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]**TOTAAL AFDELING A: 35**

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord EEN van die volgende vrae.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL DRIE die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Stone se werk en sy siekte***Werk*

- Poppie was nie gelukkig toe Stone vertel het dat hy werk by die melkery gekry het nie.
- Poppie het geweet dat die mense siek geword het van die werk by die melkery.

Siekte

- Poppie wou Stone hospitaal toe geneem het toe hy siek geword het.
- Poppie het gesukkel om Stone by die hospitaal te kry.
- Poppie was ontsteld toe Stone gesê het dat mense in die hospitaal doodgaan.
- Poppie was ongelukkig omdat Stone gedink het sy wou hom net uit die huis gekry het/dood hê.

Probleme om 'n pas te kry

- Poppie kon nie 'n permit (pas) kry om in die Kaap te bly as sy nie 'n werk gehad het nie.
- As die swartmense nie 'n permit (pas) gehad het nie, kon die polisie hulle in die tronk gegooi het.
- Poppie het elke keer net vir drie maande 'n permit (papiere) gekry.
- Toe die nuwe wet ingestel is, wat vereis het dat vrouens pasboekies moes dra, het haar nuwe probleme begin.
- Volgens die wet moes Poppie in die Ciskei gaan bly; daarom het sy gesukkel om 'n pasboekie in die Kaap te kry.
- Elke keer as Poppie van werk verander het, moes sy weer aansoek gedoen het vir 'n pasboekie.
- Toe Stone hospitaal toe is, het Poppie se werkgewer, Mrs Graham, Engeland toe getrek en Poppie het weer gesukkel om 'n pasboekie te kry.
- Poppie was ongelukkig en het ses maande uitstel by die regeringsamptenare gekry om 'n werk te kry.
- Daarna het Mr Strydom, die pasbeampte, gesê dat Poppie nie vir 'n pasboekie gekwalifiseer het nie; sy moes Ciskei toe trek.
- Poppie het met Mr Strydom baklei en hy het weer haar boekie gestempel.

- Mr Strydom het gesê dit moes elke ses maande hernu word.
- Mrs Retief het een keer gehelp om Poppie se boekie gestempel te kry.
- Daarna het Mr Strydom gesê dat dit die laaste keer was.
- Mr. Strydom het Poppie weer uitstel gegee, eers twee maande, toe 'n maand en toe drie maande.
- Die Black Sash-mense kon Poppie ook nie help om 'n permanente pasboekie te kry nie.
- Toe het Mr Strydom gesê Poppie moes kies waar in die Ciskei sy wou gaan bly, want sy kon nie langer uitstel gekry het nie.

Jakkie se stryd teen die paswetstelsel

- Poppie het geweet Jakkie was kwaad oor die paswette.
- Poppie het Jakkie se betrokkenheid by die kinders se opstande gekritiseer.
- Poppie het gesê Jakkie was 'n bekommernis vir Mama deurdadig dat hy 'n leier in die opstande was.
- Poppie het by Jakkie gehoor dat hy vir haar en almal wat swaarkry, baklei het.
- Poppie is polisiestasie toe geneem om ondervra te word nadat Jakkie die polisieman doodgeskiet het.
- Poppie het later die bekommernis oor Bonsile gehad omdat hy Jakkie gehelp het om oor die grens te vlug.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

- 8.1
- Bhuti Plank het nie 'n pas gehad nie.
 - Die polisie het almal sonder 'n pas in die tronk gestop.
(Enige EEN) (1)
- 8.2
- 8.2.1 Mama was bang dat die polisie hulle/almal sou doodskiet. (1)
- 8.2.2 Die polisie het Stone in die huis gelos/nie hardhandig behandel nie (omdat hy siek was),✓ maar gewoonlik het die polisie alle mans/mans (wat nie by die werk was nie) in die vangwa gegooi/hardhandig behandel.✓
(Of soortgelyk) (2)
- 8.3 'n Mens moet respek hê vir ouer mense/gesag.
(Of soortgelyk) (1)
- 8.4.1 Grootmense:
- Sonder 'n pas kon hulle nie werk kry nie.
 - Hulle kon nie meer op enige plek in die land bly nie.
 - Hulle moes heeltyd vir die polisie vlug as hul nie 'n pas gehad het nie.
(Enige EEN) (1)
- 8.4.2 Kinders:
- Hulle het respek verloor vir die grootmense wat vir die polisie gevlug het.
 - Hulle het later groepe gevorm wat in opstand teen die polisie gekom het.
(Enige EEN) (1)

- 8.5 Ouma Hannie het hulle geslaan. (1)
- 8.6
- Net die grootmense moes passe dra.
 - Kinders het nie passe nodig gehad nie.
- (Enige EEN) (1)
- 8.7
- 8.7.1 dialoog (1)
- 8.7.2 protagonis (1)
- 8.7.3 motoriese moment (1)
- 8.7.4 milieu (1)
- 8.8
- (Dit is effektief) omdat die lied by die mense se opstand teen die paswette aangesluit het.
 - (Dit is effektief) omdat die lied hulle magteloosheid aangedui het.
 - Die lied was 'n gebed tot God om die mense van Afrika te red.
 - (Dit is effektief) om aan te toon dat hulle nie die krag/mag gehad het om self iets aan hulle situasie te doen nie.
- (Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 8.9 Ja.
- Die grootmense het geen ander uitweg gehad nie.
 - Die grootmense het geveg teen 'n stelsel wat onregverdig was.
 - Die grootmense moes op een of ander manier hulle stem laat hoor.
- OF
- Nee.
- Die grootmense kon dit op 'n vreedsame manier probeer opgelos het.
 - Die grootmense moes steeds 'n voorbeeld vir die kinders gewees het.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.10
- Dit gee aanwysings hoe die akteurs moet beweeg/optree.
 - Dit gee ekstra inligting aan die leser.
 - Dit ondersteun karakterisering.
- (Enige EEN) (1)
- 8.11
- 8.11.1 Onwaar. (1)
- 8.11.2 Jakkie het bhuti Plank vasgehou sodat die kinders hom kon slaan. (1)
- 8.12
- D
 - D Herschel
 - Herschel
- (Enige EEN) (1)

- 8.13 8.13.1 Onwaar. (1)
- 8.13.2
- Poppie was moeg baklei/Poppie het nie meer die krag gehad om te baklei nie.
 - Poppie wou net rus hê.
 - Poppie was tevrede met die wêreld soos dit toe was.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.14
- B
 - B sy het 'n pas en 'n werk gehad.
 - sy het 'n pas en 'n werk gehad.
- (Enige EEN) (1)
- 8.15
- Mama was baie bekommerd oor Jakkie.
 - Mama het elke dag polisiestase toe gegaan toe Jakkie in die tronk was.
 - Mama is self deur die polisie oor Jakkie ondervra.
 - Mama moes 'n boete betaal om Jakkie uit die tronk te kry.
- (Enige DRIE) (3)
- 8.16 8.16.1 C Stone (1)
- 8.16.2 E Mama (1)
- 8.16.3 B Mrs Retief (1)
- 8.16.4 A Mr Strydom (1)
- 8.17 8.17.1 Jakkie het 'n polisieman geskiet. (1)
- 8.17.2 Bonsile het vir Jakkie gehelp om (by Herschel) oor die grens te gaan (en is self in hegtenis geneem). (1)
- 8.18
- Ouers moet soms namens hulle kinders besluite neem/keuses maak.
 - Ouers moet altyd besluite neem wat in die beste belang van hulle kinders is.
 - Ouers moet hulle kinders en kleinkinders finansiëel versorg.
 - Ouers het altyd 'n verantwoordelikheid teenoor hulle kinders en kleinkinders.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.19 Toe Poppie na die Ciskei/Mdantsane moes trek. (1)
- 8.20
- Jakkie het moord gepleeg.
 - Jakkie het sy familieledede by onwettighede betrek.
 - Jakkie het by gewelddadige/onwettige opstande betrokke geraak.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

VRAAG 9: OPSTELVRAAG**PALJAS – Chris Barnard****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL DRIE die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Toorwater as blyplek***Die plek*

- Toorwater was 'n spoorwegstasie.
- Die mistroostige omgewing/natuur het 'n gevoel van verlatenheid gegee.
- Die vervalte geboue het die indruk van armoede en verwaarlosing geskep.
- Die windpomp was stukkend.
- Daar het net soms 'n trein verbygegaan.
- Hendrik was die enigste werknemer op die stasie.
- Die gesin het nie kontak met die buitewêreld gehad nie.
- Op Toorwater was Hendrik gelukkig omdat hulle afgesonderd van ander mans, wat sy verhouding met Katrien bedreig het, was.
- Op Toorwater het Katrien afgesonderd gevoel.
- Op Toorwater het Emma, as jongmens, afgesny van die buitewêreld gevoel.

Die koms van die sirkus

- Hendrik was die stasiemeester, maar het nie kennis van die koms van die trein gedra nie.
- Hendrik se base het nie geglo dat daar 'n sirkustrein op die stasie was nie.
- Hendrik het probeer om Willem en Emma van die sirkusmense weg te hou.
- Emma en Willem was nuuskierig oor die sirkusmense.
- Katrien het die sirkus beleef as ontvlugting uit haar omstandighede/kontak met die buitewêreld.
- Willem is gefassineerd deur die sirkusdiere en het dit vir die skoolkinders probeer beduie.
- Hendrik het oor die sirkusmense probeer baasspeel en het dit nie reggekry nie.
- Die sirkusmense het Hendrik uitgetart en dit het hom minderwaardig laat voel.
- Die sirkusmense het spottend na die stasie verwys.
- Bertie het vir Emma molesteer.
- Hendrik en Nollie het Emma gered.
- Willem het Manuel leer ken toe Manuel hom die geleentheid gegee het om die olifant te lei.
- Reeds hier het Manuel vir Willem selfvertroue gegee, want Willem het regopper geloop.
- Toe die sirkustrein vertrek het, was Hendrik baie bly, want hy was weer in beheer.

- Katrien was hartseer. Sy het die trein agterna gekyk asof sy deel van die sirkus was.
- Die aankoms van die trein het die lewe van die McDonalds verander.
- Manuel het agtergebly toe die sirkus vertrek het.

Die dorpsmense/gemeenskap se optrede

- Die dorpsmense/gemeenskap het die McDonalds nie goed geken nie omdat hulle vergebly het.
- Hulle het oor die McDonalds geskinder.
- Hulle het geskinder oor Willem se spraakgebrek en die verhouding tussen Frans en Katrien.
- Na die skinderstories oor die McDonalds het die dorpsmense hulle aangestaar toe hulle dorp toe gegaan het.
- Hulle was onder die indruk dat die McDonalds met toorgoed besig was.
- Die dominee het die McDonalds kom besoek oor die skinderstories.
- By die Volstruisdans het Jan Mol en van die ander mans die McDonalds met eiers en tamaties gegooi en hulle weggejaag.
- Later het die dorpsmense besef hulle optrede was verkeerd en hulle het die McDonalds om verskoning gaan vra.
- Die verhouding tussen die dorpsmense/gemeenskap en die gesin is herstel.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS – Chris Barnard

- 10.1
- Hendrik en Katrien het op aparte beddens geslaap.
 - Hendrik en Katrien het nie met mekaar gepraat oor dinge wat saak maak het nie.
 - Hendrik en Katrien het oor klein dingetjies baklei.
 - Hendrik het nie vir Katrien en Frans vertrou nie.
 - Hendrik en Katrien het konflik oor die kinders gehad.
- (Enige DRIE) (3)
- 10.2
- Dit was in 'n Karoolandskap.
 - Die stasie was verwaarloos.
 - Daar was sinkgeboue by die stasie/watertoring/bloekom- en peperbome/ 'n vervalde skuur/'n laaiplek vir diere.
 - Hulle het in 'n armoedige spoorweghuis gebly.
 - Daar was 'n windpomp wat nie gewerk het nie.
 - Die stasie was ver van die dorp af.
- (Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 10.3
- 10.3.1 dialoog (1)
- 10.3.2 protagonis (1)
- 10.3.3 motoriese moment (1)
- 10.3.4 milieu (1)

- 10.4 10.4.1 Daar was ander mans wat haar wou hê. (1)
- 10.4.2 Jaloesie/besitlikheid (1)
- 10.4.3 Katrien het hom liefgehad/Hendrik was die enigste man vir wie Katrien nog altyd lief was/Katrien het nie in ander mans belanggestel nie. (1)
- 10.5
- Hendrik het soms toenadering gesoek.
 - Hendrik het verwys na hulle jong dae.
 - Hendrik het Katrien gevra om by hom te kom lê.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.6 10.6.1 E Manuel (1)
- 10.6.2 A Jan Mol (1)
- 10.6.3 D Willem (1)
- 10.6.4 C Frans (1)
- 10.7 10.7.1 Waar. (1)
- 10.7.2
- Emma het saam met Nollie na die Volstruisdans toe gegaan.
 - Emma en Nollie het dinge saam gedoen soos perdeblomme gaan kyk, motor gewas, ens.
- (Enige EEN) (1)
- 10.8
- Katrien het bedoel dat dit nie lekker daar was nie.
 - Katrien het bedoel dat sy ongelukkig op daardie stasie was.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.9
- B
 - B Gebrek aan kommunikasie
 - Gebrek aan kommunikasie
- (Enige EEN) (1)
- 10.10
- A
 - A anders as die ander mense opgetree het.
 - anders as die ander mense opgetree het.
- (Enige EEN) (1)
- 10.11 Manuel (1)
- 10.12 Hy is geskiet. (1)

- 10.13 10.13.1 Onwaar. (1)
- 10.13.2 • Manuel het na die sirkus verlang.
• Manuel het weer na die sirkus toe teruggegaan.
(Enige EEN) (1)
- 10.14 10.14.1 Manuel moes glimlag. (1)
- 10.14.2 • Manuel het hom geleer dat dit altyd beter was om te glimlag.
• Manuel het net doodstil gelê.
(Enige EEN) (1)
- 10.15 10.15.1 Geluk/liefde/tevredenheid/blydschap (1)
- 10.15.2 • (Die musiek het vir Hendrik) van die werklikheid laat ontvlug.
• (Die musiek het Hendrik) laat verlang na hoe dinge voorheen was.
• (Die musiek het Hendrik) gehelp om sy emosies uit te druk.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.16 10.16.1 Aan die begin van die drama was die stemming somber/ongelukkig. (1)
- 10.16.2 Aan die einde van die drama was die stemming gelukkig (selfs feestelik). (1)
- 10.17 Ja.
• Dit is moontlik dat die dorpenaars kon besef hulle was verkeerd.
• Dis realisties dat mense weer vergewe/ versoen raak.
- OF
- Nee.
Dit gebeur ook dat mense soos die McDonalds kon kies dat hulle niks met die dorpenaars te doen wou hê nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.18 • Die titel “paljas” dui daarop dat ’n wonderwerk in die McDonalds se lewens plaasgevind het.
• “Paljas” dui op toorgoed en sluit aan by die toormotief in die drama.
• Die titel van die drama sluit aan by die toormotief.
(Enige TWEE redes of soortgelyk) (2)

[35]**TOTAAL AFDELING B: 35**

AFDELING C: KORTVERHALE**STORIEJOERNAAL****VRAAG 11: OPSTELVRAAG****Baby – EKM Dido****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL DRIE die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Baby en Attie se aankoms op Nqamakwe**

- Attie se motor het net buite die dorp onklaar geraak.
- Baby en Attie is deur die sersant na Nooi-hulle se huis toe gebring.
- Baby was amper so oud soos Nooi en dit was die rede waarom die sersant vir Baby en Attie daarheen geneem het.
- Baby en Attie sou etes by Nooi-hulle se huis kry.
- Attie se motor was stukkend; daarom moes Attie en Baby op Nqamakwe bly totdat die motor reggemaak was.
- Attie het vir almal vertel dat hy 'n kulkunstenaar was.
- Attie het gedink dat dit 'n geleentheid was om geld te maak terwyl hy vir die motor gewag het.
- Attie het gesê Baby was sy dogter.
- Die dorpsmense was baie beïndruk omdat daar nie baie vreemde mense op hulle dorp gekom het nie.
- Baby en Attie het vir die aand slaapplek by Nooi se ouma gekry.

Baby en Attie se vreemde gedrag*Baby*

- Al was Baby jonk, het sy baie grimering gedra en het rooi lippe en lang naels gehad.
- Baby het hulpeloos gelyk, maar uitlokkend aangetrek.
- Baby het gesê dat sy baie na haar ma verlang het.
- Baby het gehuil toe Attie haar styf vasgehou het.
- By die toilet het Baby gehuil en gesê sy wou by haar ma wees.
- Die volgende dag het Baby met skrapse klere rondgeloop.
- Baby het 'n snaakse manier van loop gehad.
- Vir die mense het dit gelyk asof Baby dronk was, maar sy het nie na drank geruik nie.
- Almal het geskinder dat dit vreemd was dat Baby so vroeg in die oggend "dronk" was.
- Baby was daardie dag die hele tyd naby Attie.

Attie

- Attie het Baby nie toegelaat om saam met Nooi netbal te speel nie.
- Attie se verduideliking hiervoor was dat Baby aanvalle gekry het.
- Attie het Baby styf vasgehou.
- Attie het verduidelik dat Baby gereeld pille moes drink.
- Attie het verduidelik dat Baby te veel van haar pille gedrink het; daarom het sy so vreemd opgetree.
- Attie het Baby selfs toilet toe vergesel.
- Toe Nooi se ma vir Baby gevra het wat haar ma se naam was, het Attie Baby nie toegelaat om te antwoord nie.

Die waarheid oor Baby en Attie

- Sersant se vrou het die ontdekking oor Baby gedoen.
- Baby se foto was twee jaar lank orals geplak, selfs teen die muur van die polisie-stasie waar Sersant gewerk het.
- Daardie aand het die sersant na Nooi se huis gegaan.
- Hy het Attie in hegtenis geneem.
- Attie het Baby ontvoer en vir haar dwelms gegee.
- Attie se ware naam was Andrew Barnard.
- Baby se ware naam was Claudine Grootboom.
- Baby was 'n dogter van Pretoria en Sersant se vrou het dit aan haar uitspraak agtergekom.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**Die pakkie – Leonard Koza**

- 12.1
- Esther was 'n gedissiplineerde kind.
 - Esther het goeie maniere gehad.
 - Esther het respek vir haar ma gehad.
 - Esther was ernstig oor haar skoolwerk.
- (Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 12.2
- A
 - A dit het gelyk asof hy abnormaal was.
 - dit het gelyk asof hy abnormaal was.
- (Enige EEN) (1)
- 12.3 Dwelms/"buttons" (1)
- 12.4 Esther het nie dieper by die dwelmbedrywigheid betrokke geraak nie, (want haar ma het betyds die jong man by die hekkie sien staan). (Of soortgelyk) (1)
- 12.5
- 12.5.1 Onwaar. (1)
- 12.5.2 Hy het die pakkie/dwelms kom haal. (1)

- 12.6
- Die man het soos 'n skollie gelyk.
 - Die man het nie soos 'n skoolseun gelyk nie.
 - Die man het slordige hare gehad.
 - Die man het 'n ooring gedra.
- (Enige DRIE) (3)
- 12.7
- Esther het gesê dit was nie haar ma se besigheid nie.
 - Esther het gesê sy sou later vir haar ma verduidelik wat in die pakkie was.
 - Esther het gesê dit was gevaarlike goed.
- (Enige EEN) (1)
- 12.8
- Mev. Filander was bang haar kind sou by die dwelmhandelaars (in die area) betrokke raak.
 - Mev. Filander was bang vir die bendes (in daardie area.)
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.9
- Esther en haar ma was arm.
 - Dit kon 'n maklike manier vir Esther en haar ma gewees het om geld te maak.
- (Of soortgelyk) (2)
- 12.10 12.10.1 Figuurlik. (1)
- 12.10.2
- Dié plek kon vir Pang gevaarlik wees.
 - Om in hierdie plek gesien te word, kon vir Pang moeilikheid veroorsaak.
- (Enige EEN) (1)
- 12.11 12.11.1 Die naam suggereer dat hy 'n moordenaar/n slegte karakter/misdadiger/gevaarlik was. (Of soortgelyk) (1)
- 12.11.2 Die naam suggereer dat hy so listig/gevaarlik soos 'n slang was of 'n mens bang gemaak het. (Of soortgelyk) (1)
- 12.12 12.12.1 Waar. (1)
- 12.12.2 Mev. Filander het hom opgepas toe hy 'n kind was. (1)
- 12.13
- B
 - B skuldig
 - skuldig
- (Enige EEN) (1)

12.14	12.14.1	B	Jakkals	(1)
	12.14.2	A	Miena	(1)
	12.14.3	C	Slang	(1)
	12.14.4	D	Allie	(1)
12.15	12.15.1		konflik	(1)
	12.15.2		bendeledede	(1)
	12.15.3		voordeel	(1)
	12.15.4		kerkmens	(1)
12.16			Esther het dit by die venster uitgegooi.	(1)
12.17			Miena	(1)
12.18			<ul style="list-style-type: none">• Slang moes nie skoolkinders gebruik nie.• Die risiko om skoolkinders te gebruik, was groot. (Enige EEN)	(1)
12.19			<ul style="list-style-type: none">• Mev. Filander het nie onwettige dinge gedoen nie.• Mev. Filander het vir haar kind die regte manier van leef geleer. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
12.20			<ul style="list-style-type: none">• Die hele verhaal handel oor die pakkie.• Die pakkie was die rede vir die dramatiese gebeure wat plaasgevind het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
12.21			<ul style="list-style-type: none">• Dwelms/Bendes is sleg vir jou.• 'n Mens kan, sonder dat jy dink, by dwelmbendes betrokke raak.• Jongmense moet eerlik met hulle ouers wees. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
				[35]
			TOTAAL AFDELING C:	35

AFDELING D: GEDIGTE**VERSJOERNAAL****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG****Kabouterliefde – Ingrid Jonker**

- 13.1 gebroke rym (½)
- 13.2
- Die digteres se dogter/kind.
 - Die persoon aan wie die gedig opgedra is.
- (Enige EEN) (1)
- 13.3
- Dit word gedoen ter wille van die ritme/metrum.
 - Dit pas by die kinderlike taalgebruik.
 - Digterlike vryheid laat dit toe.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 13.4 Vrolik/gelukkig/feestelik (1)
- 13.5
- Om die begin en einde van die gedig tot 'n eenheid te bind.
 - Om die woorde/kleur te beklemtoon.
 - Om die tema van liefde te beklemtoon.
- (Enige EEN) (1)
- 13.6 13.6.1 Die kabouter het sy liefde (“hart”) vir die spreker gegee. (1)
- 13.6.2 Die geel kleur van die hemp het by die kleur van die maan gepas.
(Of soortgelyk) (1)
- 13.7 Die lug/aardbol (1)
- 13.8 “die sterre het geknipoog” (1)
- 13.9 13.9.1 Met 'n laer. (1)
- 13.9.2
- Die sterre bied beskerming (aan die spreker en die kabouter).
 - Soos die laer mense tydens oorloë beskerm het, beskerm die sterre die spreker en die kabouter.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 13.10 13.10.1 B gousblomme (1)
- 13.10.2 C kalkoentjies (1)
- 13.10.3 D aandblom (1)
- 13.11
- B
 - B dans.
 - dans.
- (Enige EEN) (1)

- 13.12 13.12.1 Onwaar. (1)
- 13.12.2 “het dit self vir my gesê” (1)
- 13.13
- Die sprokies-element (enigiets wat in die gedig onwerklik is) skep die indruk.
 - Die titel wat handel oor ’n denkbeeldige karaktertjie (kabouter) is ’n samestelling van kabouter en liefde.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [17½]

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Woorde – Vincent Oliphant

- 14.1 “my” (½)
- 14.2 14.2.1 (Sy woorde) kan nie bouse magte vernietig/tot ’n val bring nie. (1)
- 14.2.2 (Sy woorde) kan sing. (1)
- 14.3 beskerming kan bied. (1)
- 14.4
- B
 - B sonder moeite
 - sonder moeite
- (Enige EEN) (1)
- 14.5
- Die spreker se woorde is eenvoudig/gestroop/neutraal.
 - Die spreker se woorde kan niks wegsteek nie.
- (Enige EEN) (1)
- 14.6 Dit maak mense seer/mense se gevoelens dood. (1)
- 14.7
- “koeëls”
 - “grofgeskut”
 - “magte”
 - “grense”
- (Enige TWEE APARTE WOORDE) (2)
- 14.8
- Om die woord te beklemtoon.
 - Om te beklemtoon wat sy woorde wel kan doen.
- (Enige EEN) (1)
- 14.9 Sy woorde kan bid/pleit/wens/sing. (1)
- 14.10
- Alle mense is gelyk.
 - Almal wat leef, is ewe belangrik.
 - Almal moet (in vrede) met mekaar saamleef.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 14.11
- Daar is verskille tussen mense.
 - Mense is nie verenig nie.
 - Mense leef apart.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 14.12
- 14.12.1 Onwaar. (1)
- 14.12.2 “Medemens” is elke ander mens. (1)
- 14.13
- 14.13.1 B metafoor (1)
- 14.13.2 A alliterasie (1)
- 14.13.3 D assonansie (1)
- [17½]**

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Thumela – Elomé Barnard

- 15.1 om weg te stuur (½)
- 15.2
- Die gedig is in vrye vers geskryf.
 - Dit dui daarop dat die meneer sonder respek aangespreek word.
 - Dit verminder die status van die onderwyser.
- (Enige EEN) (1)
- 15.3
- A
 - A die woorde wat volg te beklemtoon.
 - die woorde wat volg te beklemtoon.
- (Enige EEN) (1)
- 15.4
- Die leerder was klaar met skool/het die skool verlaat.
 - Dit was die leerder se laaste dag by die skool.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 15.5 “gemaak ernstig”
(TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)
- 15.6 Die meervoudsvorme word gebruik/herhaal. ✓
Versamelname word as beskrywing gebruik. ✓
(Of soortgelyk) (2)
- 15.7 Blydskap/geluk/vreugde/opgewondenheid
(EMOSIE) (1)
- 15.8
- Dit simboliseer dat die leerder se skoollewe iets van die verlede/geskiedenis is.
 - Dit simboliseer dat die leerder se skoolloopbaan verby/geskiedenis is.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 15.9 15.9.1 Onwaar. (1)
- 15.9.2 “gemaak geskok”
(EEN VERSREËL) (1)
- 15.10 Ja.
 - Daar was geen ander manier waarop die onderwyser kon reageer nie.
 - Die onderwyser het so opgetree om vir die leerder te wys dat die leerder se optrede hom nie raak nie.
 OF
 Nee.
 Die onderwyser moes eintlik streng opgetree het deur die leerder te vermaan. (1)
- 15.11 15.11.1 C vrye vers (1)
- 15.11.2 B personifikasie (1)
- 15.11.3 A enjambement (1)
- 15.12 “maar ek het bly wonder”
(EEN VERSREËL) (1)
- 15.13 skool/die skoollewe/sy skoolloopbaan (1)
- 15.14
 - Leerders toon/het geen respek vir die onderwysers nie.
 - Leerders behandel hulle boeke/boeksak met min respek.
 - Leerders steur hulle nie meer aan die reëls nie.
 (Enige EEN of soortgelyk.) (1)
[17½]

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**Kontak – Theo de Jager**

- 16.1 kwatryn (½)
- 16.2
 - Die titel sluit aan by die gedagte in die gedig van “om in aanraking met iemand te kom”
 - Die titel sluit aan by die gedagte in die gedig van “om met iemand te kommunikeer”
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.3 Om ’n kontras/teenstelling aan te dui. (1)
- 16.4
 - C
 - C verdwyn.
 - verdwyn.
 (Enige EEN) (1)

- 16.5 In strofe 1 gebruik hy tegnologie/klank/n selfoon.
In strofe 2 gebruik hy die geskrewe woord/n papier en pen/n brief. (2)
- 16.6 16.6.1 persoonlike
- 16.6.2 ek-spreker (2)
- 16.7
- “my vingers was te dom om die woorde in die koevert te pas”
 - Die spreker kon nie die regte woorde vind vir die boodskap wat hy/sy wou oordra nie.
- (Aanhaling of eie woorde) (1)
- 16.8 16.8.1 Onwaar. (1)
- 16.8.2 Die spreker hoop/bid dat die duif (met ’n positiewe antwoord) sal terugkom. (1)
- 16.9 Dit simboliseer hoop/versoening/n positiewe boodskap/die geliefde wil kontak maak. (1)
- 16.10 Ja.
Dit is alles moontlike verskonings.
OF
Nee.
- Dit is net te veel verskonings.
 - As die persoon regtig wou kontak maak, sou hy/sy ’n ander manier kon vind.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.11 16.11.1 D Die simkaart was foutief.
- 16.11.2 A Hy kon homself nie op papier uitdruk nie.
- 16.11.3 B Hy het besluit om die oudste vorm van kontak te gebruik. (3)
- 16.12 “sonder skrif of klank” (1)
- 16.13 Ja.
Die duif dui op vrede en liefde en die geliefde sou dit geweet het.
OF
Nee.
Die geliefde kon gedink het dit was toevallig net nog ’n duif.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80–100%	Uitmuntend 20 tot 25 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 08–10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70–79%	Verdiensielik 17½–19½ punte	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7–7½ punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60–69%	Beduidend 15–17 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6–6½ punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50–59%	Voldoende 12½–14½ punte	Taamlieke interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Die meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5–5½ punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40–49%	Matige 10–12 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4–4½ punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30–39%	Basiese 7½–9½ punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese 3–3½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0–29%	Ontoereikend 0 tot 7 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0–2½ punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.